# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 6
Julie 2023

## Gemeenteverjaardag



















# Boekresensie – Mediasentrum

## VAN ONGENOOI NA INGENOOI

### Maretha Maartens

**Deur: Isabel Ballot**
**Tanja Maree leef met 'n stoma-sak saam. Hierdie "aanhegsel" , wat deur 'n geperforeerde dikderm voorafgegaan word, het 'n vernietigende uitwerking op haar lewe.Dit belemmer intimiteit tussen haar en haar man, Dawie. "Kan 'n huwelik 'n ramp soos ons s'n oorleef?", wonder sy. Sy praat van haar man se "hangskouerdae" en die "gemaakte opgewektheid en vrolikheid" tussen hulle.**
**Ryan, haar geliefde seuntjie word 'n angstige kind.**
**En God? Sy vra indringende vrae oor God. Sy sê: "Ek het gevoel asof ek moed verloor het met God."**
**Verder gaan ek niks sê nie. Lees self oor wat die uitkoms van hierdie verhaal van lyding is. Tanja se verhaal, gebaseer op 'n ware verhaal, is ook ons verhaal. Ons ervaar soms siektes, gekwelde verhoudings en 'n wonder oor die lyding wat ons dink God toelaat.**
**Lees VAN ONGENOOI NA INGENOOI vir 'n besondere leeservaring.**

Beskikbaar by die mediasentrum.







## Simbole: Christus-monogram

Hierdie simbool word die Christus-monogram genoem (in Engels: Christogram) en kan in baie gemeentes gesien word. Hierdie is een van die oudste Christelike simbole uit die vroeë kerk en is ook deur Konstantyn gebruik. Dit bestaan uit die twee letters uit die Griekse alfabet wat die eerste twee letters is van die woord Christus – X of Chi (Christus word met 'n "x" gespel in Grieks, die "x" klink egter meer soos ons "k") en die letter R of Rho (die letter "r" in Grieks lyk soos ons letter "p" maar word "r" uitgespreek). Hierdie afkorting het 'n simbool geword wat Jesus Christus voorstel. In Latyn is dit ook 'n afkorting vir Christus is Koning (Christus Rex). Soms is daar nog twee Griekse letters weerskante van die monogram – die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet – alfa en omega. Dit dui daarop dat Jesus Christus die begin en einde is.

# Die seisoene van ons lewe

"Wysheid is om die seisoene in jou lewe raak te sien vir wat dit is - 'n seisoen. Genade is om God in daardie seisoen raak te sien. Verlossing is om God tydens daardie seisoen te ervaar. Seisoene wissel en God verseker daardeur dat orde behou word. God bring ons ook in ons lewensseisoene die orde. Al voel die tydperk gevul met chaos, weet ons Hy is steeds teenwoordig. Om beter begrip vir mekaar te hê, moet ons mekaar se omstandighede probeer verstaan.

Winter is die seisoen wat jou tot op die been raak. Dit is 'n tyd vir terugblik, waardering en aanvaarding. Dit is ook die seisoen waarin jy as raadgewer sou kon optree. Die wysheid van die grysheid is nie net 'n uitdrukking nie, maar vind gestalte wanneer ouer persone steeds by hul gemeenskap betrokke is. Die lewenservaring wat só gedeel word, kan van onskatbare waarde wees"

(Ilze Lammers, konsultant, Durbanville).

Julie in Suid-Afrika



Noord-Kaap



Vrystaat



Kaapstad



Drakensberge



Oos-Kaap

# Nuus van die Vrouebediening

**Met die helfte van 2023 pas agter die rug, kan ons eerstens met dankbaarheid terugkyk op die vele geleenthede wat ons gehad het om aan ons gemeenteaktiwiteite deel te neem.**

**Nou maak ons met opgewondenheid gereed vir die besige tweede deel van die jaar wat voorlê!**

**Daar is regte feeste op pad, soos 'n potjiekos Fees-Kompetisie op Saterdag 5 Augustus, 'n Meyerspark Basaar op Saterdag 2 September wat beloof om soos 'n regte basaar van die ou dae te wees en ons seniors se Lente-ete op Woensdag 11 Oktober.**

**MAAK SOMMER NOU REEDS 'N KRUISIE BY DIE DATUMS OP JOU KALENDER.**

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIE HALFJAAR VROUEBEDIENING BESTUURSVERGADERING DV OP WOENSDAG 26 JULIE 16:00 IN DIE KERKSAAL.















Wat 'n voorreg om al die mussies, serpe, kombersies en speelgoed wat met soveel liefde gebrei en gehekel is te kon gaan aflewer by Transoranje Skool vir Dowes, Prinshof Skool vir Siggestremdes, Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid en Sonitusskool vir Gehoorgestremdes.




Nogmaals baie dankie vir elkeen se bydrae, hierdie projek het weereens ons verwagtinge by verre oortref!

# Belangrike Godsdienste van die Wêreld

HINDOEÏSME

**Ons wil oor die volgende paar maande hoofkenmerke van elke wêreldgodsdiens in die Goeie Nuus plaas, sodat ons lidmate vertroud kan wees met hoe voorstanders van hierdie godsdienste glo en dus meer voorbereid kan wees om 'n geestelike gesprek met hulle aan te knoop. Hierdie maand ondersoek ons Hindoeïsme**

Hindoes het drie en dertig miljoen gode om van te kies. Die naam "Hindoe" – net soos die woord "Indiër" – is afgelei van 'n woord in Sanskrit: Sindhu, die naam van die groot rivier in Noord-Indië wat die Grieke en Romeine die Indusrivier genoem het. Daar is ongeveer 960 miljoen Hindoes in die wêreld (14% van die wêreldbevolking)

Hindoeïsme is baie oud, maar dit het nie 'n stigter nie, geen profeet nie, geen belydenisskrif of vaste kultus nie, maar met heilige boeke wat baie eeue na mekaar ontstaan het, waarvan party dikwels gelees word en ander amper nooit. Hindoeïsme "is veel meer 'n uitdrukking van ons kultuur as 'n belydenis van ons geloof," het 'n gewese president van Indië, Radakrishnan, verklaar. Soveel Indiërs as wat daar in Indië en die res van die wêreld is, so wyduiteenlopend en verskillend is die godsdiens van die Hindoes.
Geskrifte: Die oudste en heiligste geskrifte van die Hindoeïsme is die Vedas, wat tussen 1500 en 800 vC ontstaan het. By die Vedas is deur die loop van jare verskillende Vediese verhandelings gevoeg, waarvan die Brahmanas en die Oepanisjads die belangrikste is. Van al die geskrifte is die Bhagavad Gita die gewildste en mees gelese geskrif.

**Gode:** Dit is wel so dat daar letterlik miljoene godfigure bestaan. Feitlik elke riviertjie en bos en elke plaaslike natuurverskynsel word as god vereer. Tog het daar deur die loop van die eeue in die klassieke Hindoeïsme 'n paar belangrike opperfigure na vore gekom. Bo-aan die rangorde staan die veraf, verhewe figuur van Brahma, die alomteenwoordige, almagtige heerser wat alles gemaak het en alles omvat. Hy word dikwels uitgebeeld met vier gesigte (wat die vier windrigtings aandui) en met vier pare arms (waarin hy die vier Vedas vashou). Brahma het 'n vroulike metgesel, Sarasvati, die godin van die riviere, waarheid en kennis. Alle ander godefigure is in wese niks anders nie as bepaalde vorms van Brahma.
Die volgende in die hiërargie is die Trimurti (die sogenaamde Hindoe-drie-eenheid) wat uit Brahma, Visjnoe en Sjiwa bestaan.Visjnoe is die groot bewaarder, die goeie, hulpvaardige god. Hy word as die verteenwoordiger van die goddelike liefde beskou,

dikwels in die geselskap van Laksmi, sy vroulike eweknie, godin van skoonheid en geluk. Sjiwa, die derde lid van die Trimurti, is tegelyk die groot verwoester én die groot vernuwer. Aan die een kant is hy die Verskriklike, voor wie almal beef, maar aan die ander kant is hy die Sagte wat al die geheime van die kosmos in hom omdra.Sy vroulike metgesel is Kali, wat net soos Sjiwa, die godin van verwoesting en vernuwing is.

Behalwe die bogenoemde gode – en nog vele ander – ken die Hindoeïsme ook die sogenaamde dieregode, wat entoesiasties aanbid word: Hanuman, die aap, wat as die god van geleerdheid beskou word. Dan is daar Ganesja met die olifantkop en slurp, die “heer van die leërskare,” die vernietiger van weerstand, wat alle hindernisse vir sy vriende uit die weg ruim. Bome en plante word ook as heilig beskou, soos ook berge en riviere (bo alles die Gangesrivier in Indië).

Die heilige koei word nie as ’n god beskou nie, maar vereer as die eerste lewende wese, die mees verhewe in die skepping, van wie beide gode en mense afhanklik is vir hulle bestaan. Die koei word geëer weens haar veelvuldige deugde – melk, dikmelk, botter, kallers, mis en urine. Geen medisyne is so effektief om vergifnis van sonde en genesing te bewerkstellig as ’n mengsel van haar melk, dikmelk, vloeibare botter, mis en urine wat die sieke of berouvolle sondaar drink nie.

**Geloof**: Die ou Hindoes het eeue gelede bemerk dat alles wat op aarde geskep is, uiteindelik wegslyt en vergaan – selfs rotse en berge. Hulle het ook gemerk dat die lewe elke keer in ’n nuwe vorm terugkeer: ’n eiertjie word ’n wurm, die wurm ’n larwe, die larwe ’n skoenlapper en die skoenlapper lê weer eiertjies. So gaan die sirkelgang van die lewe vir ewig voort: geen lewende wese, plant of dier of mens kan daaraan ontsnap nie. Jy is gedoem tot die ewige lewe! En om te lewe is om te ly, om swaar te kry. Die beste wat met jou kan gebeur, is dat jy in ’n volgende inkarnasie in ’n beter gedaante gebore word, maar dit kan ook andersom wees. Alles wat jy doen en sê, jou hele lewe, al jou dade (karma) bepaal waar jy jou volgende gaan bevind. Verlossing (moksja) beteken dat jy van die ewige kringloop van die lewe bevry word. Soos ’n slang van sy ou vel verlos word, moet die atman (siel) aan die lewe ontsnap en in die hemelse nirvana(“bevryding”) opgaan. Dis die ewige niks, waar die siel ophou om te bestaan en soos ’n druppel water in die oseaan terugval. Dan keer jy terug na die oerbron van alle lewe, die Brahma self. Daar is verskillende maniere waarop ’n mens die pad van dharma (regverdigheid) kan loop. Jy kan besluit om ’n goeie lewe te lei, om voortdurend die regte besluite te neem, om teen die bose te stry. Ander Hindoes verkies die pad van geestelike dissipline, of die weg van kennis, of van joga, of van die onderwerping van natuurlike behoeftes en begeertes.

**Purusharthas** (doelwitte van die lewe): In klassieke Hindoeïsme word vier doelwitte van die menslike lewe (Purusharthas) aanvaar: dharma, artha, kama en moksha.
Dharma (regverdigheid, etiek): Dharma word beskou as die belangrikste doel van 'n mens se lewe. Die begrip omvat gedrag wat beskou word as in ooreenstemming met die orde wat die lewe en die heelal moontlik maak, en sluit in pligte, regte, wette, gedrag, deugde en "die regte lewenswyse".
Artha (lewensbestaan, rykdom): Artha is die nastrewing van rykdom vir 'n lewensbestaan, verpligtings en ekonomiese vooruitgang. Dit sluit in die politieke lewe, diplomasie en materiële welsyn. Artha sluit dus alle lewensmiddele, bedrywighede en hulpbronne in wat 'n mens in staat stel om in die toestand te wees waarin hy wil wees wat betref rykdom, beroep en finansiële sekuriteit.
Kama (sensuele plesier): Kama beteken begeerte, wense, passie, verlange, 'n plesier van die sintuie, die estetiese genieting van die lewe en liefde, met of sonder seksuele konnotasies. In Hindoeïsme word kama beskou as 'n noodsaaklike en gesonde doel van die menslike lewe indien dit nagestreef word sonder om dharma, artha en moksha in te boet.
Moksha (bevryding, bevryding van samsara): Moksha is die uiteindelike, belangrikste doel in Hindoeïsme. In 'n sin is moksha 'n begrip wat verbind word met bevryding van hartseer, lyding en samsara (die siklus van geboorte en hergeboorte). Vanweë 'n geloof in die onvernietigbaarheid van die siel word die dood as onbelangrik beskou met betrekking tot die kosmiese self.
Godsdienstige feeste en seremonies speel 'n belangrike rol in die lewe van elke Hindoe. Sommige feeste vind tuis plaas, soos met Deepavali (Devali), wanneer die oorwinning van die Lig oor die Duisternis gevier word. Spesiale kleilampies word oral in die huis aan die brand gesteek en presente en nuwe klere word onder mekaar uitgedeel. Die fees vind teen die einde van die jaar plaas – geen wonder dat dit dikwels die Hindoe-Kersfees genoem word nie. Net so belangrik is die fees van Kawadie, êrens tussen Januarie en Mei. Dis wanneer Hindoes groot optogte hou en duisende na hulle tempels beweeg om offers te bring, om geloftes te betaal, om musiek te maak en om deel te neem (of toeskouer te wees). Dis ook wanneer die jaarlikse vuurloop-seremonie plaasvind. Vir nie-Hindoes is die skouspel van die kawadie-fees verstommend: optogte, blomme, Hindoes wat in 'n toestand van beswyming met hake deur hulle liggame gesteek, en heilige waens propvol vrugte gelaai, na die tempel trek; mans wat oor meters vurige kole loop, skynbaar sonder enige letsels aan hulle voete.

Die verskil tussen die Christendom en Hindoeïsme: Ons aanbid die Skepper van hemel en aarde, wat in die Heilige Drie-eenheid, Vader Seun en Heilige Gees bestaan en 'n persoonlike God is wat in elkeen van ons woon. Die Hindoes se Brahman is 'n vormlose, abstrakte wese sonder enige persoonlikheid en ook in die Hindoe-drie-eenheid, Trimurti (Brahma, Visjnoe en Sjiwa) manifesteer. Die Hindoes glo nie in Jesus as die Seun van God nie; Hy word slegs as nog een van miljoene ander gode beskou. Christene glo dat sonde in wese rebellie teen God is; Hindoes glo dat alles wat mens van selfvervulling weerhou sleg is en alles wat mens help om selfvervulling te bereik, goed is.

Christene glo in die ewige lewe saam met God; Hindoes glo dat jy onbeperk ge-reïnkarneer word na jou dood totdat jy nirvana (bevryding) verkry. Christene glo dat Jesus in ons plek die straf vir die sonde gedra het en dat dit vir ons die ewige lewe verdien, sonder enige insette van ons; deur genade alleen. Hindoes glo dat jy nirvana moet verdien deur algehele toewyding, meditasie, goeie werke en selfbeheersing.